

<b>EKSAMEN</b>		<b>NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT</b>	
<b>GRAAD</b>		12	
<b>DATUM</b>		JUNIE 2024	
<b>VAK</b>		LANDBOUBESTUURSPRAKTYKE	
<b>VRAESTEL</b>		1	
<b>PUNTE TOTAAL</b>		200	
<b>TYD (UUR)</b>		3	
<b>AANTAL BLADSYE</b>		13	



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE  
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in jou **ANTWOORDBOEK**.
2. Begin **ELKE** vraag van **AFDELING B** op 'n **NUWE** bladsy.
3. Lees **ALLE** vrae noukeurig deur en maak seker jy antwoord slegs wat gevra word.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringsstelsel wat in die vraestel gebruik word.
5. Skryf netjies en leesbaar.
6. 'n Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.
7. Wys **ALLE** berekeninge.



## AFDELING A

### VRAAG 1

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer (1.1.1 - 1.1.10) in jou antwoordboek neer, bv. **1.1.11 A**.
- 1.1.1 Die boer doen aansoek vir hierdie tipe lening om gebruik te word vir 'n belegging in vaste bates.
- A. Korttermynlening
  - B. Mediumtermynlening
  - C. Langtermynlening
  - D. Kwartaallikse lening
- 1.1.2 Dui op 'n situasie waar die hoeveelheid van 'n produk wat verbruikers nodig het, presies gelyk is aan die hoeveelheid wat aan die produsente verkoop.
- A. Marknis
  - B. Markewewig
  - C. Markpenetrasie
  - D. Markwaarde
- 1.1.3 Die boer wil waarde tot 'n geproduseerde landbouproduk voeg deur dit in 'n meer bruikbare vorm te verander om verbruikersvoorkeure te bevredig.
- A. Verpakking
  - B. Standaardisering
  - C. Gradering
  - D. Prosesering
- 1.1.4 Die inligting wat apart op die verpakking van 'n landbouproduk gedruk word en nie noodwendig op die etiket is nie.
- A. Vervaldatum
  - B. Voedingswaarde
  - C. Bestanddele
  - D. Produsent se naam
- 1.1.5 Die intensiteit van reënval sal hoofsaaklik 'n invloed op grond-.... hê.
- A. degradasie
  - B. vrugbaarheid
  - C. tekstuur
  - D. helling



- 1.1.6 Die volgende bemarkingsbenadering word algemeen deur koöperasies gebruik:
- A. Koop in groot maat en verkoop op klein skaal.
  - B. Koop op klein skaal en verkoop op klein skaal.
  - C. Koop op klein skaal, kombineer produkte met ander koöperasies en verkoop in groot maat.
  - D. Koop in grootmaat en verkoop in groot maat.
- 1.1.7 Indien die prys van 'n landbouprodukt in die vryemarkstelsel baie laag is, sal ....
- A. produsente minder produkte aan die mark verskaf.
  - B. die vraag na die verbruiker toeneem.
  - C. die vraag na die verbruiker afneem.
  - D. die mark die uitstalruimte verklein.
- 1.1.8 Die beste manier om vir daaglikse boerdery uitgawes te betaal:
- A. Kredietkaart
  - B. 'n Tjek
  - C. Elektroniese fondsoorplasing (EFT)
  - D. Kleinkas
- 1.1.9 'n Gebied kan slegs vir weiveld gebruik word indien dit oor die volgende eienskap beskik:
- A. Gronde met lae organiese materiaal-inhoud
  - B. Vlak, klipperige gronde
  - C. Goed deurligte gronde
  - D. Goed gedreineerde gronde
- 1.1.10 Die wêreldwye neiging is om landbouprodukte te produseer wat 'n hoë markwaarde het en wat meer omgewingsvriendelik is.
- A. Presisieboerdery
  - B. Organiese boerdery
  - C. Intensiewe boerdery
  - D. Hidroponika
- (10 × 2) (20)



- 1.2 Kies 'n beskrywing vanaf KOLOM B wat pas by die term/frase in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.2.1 – 1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.2.11 P. Elke beskrywing in Kolom B mag slegs EEN keer gebruik word.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Depresiasie	A	Grond, reënval, klimaat en water
1.2.2	Tydlike arbeider	B	Die beskrywing op die produk verpakking wat al die basiese inligting bevat.
1.2.3	Elastisiteit	C	Meting, berekening en stel van implemente wat gebruik word om stowwe in die produksieproses toe te dien.
1.2.4	Grondmonster	D	Arbeid, kapitaal en inligting
1.2.5	Natuurlike hulpbronne	E	Lewer verskeie dienste aan boere.
1.2.6	Klimaatrekords	F	Die ekonomiese term wat gebruik word wanneer die waarde van 'n item met die verloop van tyd verminder,
1.2.7	Etiket	G	Die bestuursbeginsel wat gebruik word wanneer 'n boer aktiwiteite op die plaas herrangskik vir beter doeltreffendheid.
1.2.8	Tersiêre landbou	H	Die sout en droog van vars vleis.
1.2.9	Organisasie	I	'n Kontrakwerker wat aangestel is om sekere take te verrig, soos draadspan.
1.2.10	Kalibrering	J	Grond wat vir analise met 'n grondboor bekom word van die saailand.
		K	Grafiek op 'n rekenaar wat die daaglikse minimum en maksimum temperature aandui.
		L	Die hoeveelheid gevra of verskaf met 'n groter persentasie as die prys verander.

(10 × 2) [20]



**1.3 Verskaf die KORREKTE LANDBOUKUNDIGE TERM vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.10) in die ANTWOORDBOEK, bv. 1.3.11 Verbruiker.**

- 1.3.1 Die doel van hierdie boerderystelsel is om grondveranderlikheid en gewasinligting te kollekteer en te analiseer.
- 1.3.2 Die gedeeltelike vervanging van arbeid deur kapitaalinvestering wat lei tot die vermindering van arbeid.
- 1.3.3 'n Toestand wat op onbedekte grond gedurende swaar reënval plaasvind en tot gevolg hê dat bogrond verlore gaan.
- 1.3.4 Die versamelnaam vir al die verskillende dokumente wat nodig is om 'n Inkomstestaat op te stel.
- 1.3.5 'n Persoon wat 'n behoefte identifiseer om 'n sake-onderneming op die been te bring, besluite te neem en die groter risiko dra.
- 1.3.6 Die proses waar die boer verseker dat die werklike plaasaktiwiteite ooreenstem met die onderneming se produksieplan.
- 1.3.7 Die bemarkingskanaal waar die boer diere verkoop aan die persoon met die hoogste bod (aanbod) vir die diere.
- 1.3.8 Strukturele vloeiagram van die verskillende personeel en personeelvlakke in 'n oogopslag.
- 1.3.9 Die totale bedrag geld wat deur die plaasonderneming in een seisoen gegenereer word.
- 1.3.10 Die bemarking van plaaslike landbouprodukte op markte na lande soos Europa en Asia ens.

(10 × 1) [10]

**TOTAAL AFDELING A: [50]**



## AFDELING B

### VRAAG 2: FISIËSE EN FINANSIËLE BEPLANNING:

2.1

'n Jong boer koop 'n stukkie grond in 'n landelike gebied. Die boer het 'n gebrek aan praktiese landbou ervaring in die produksie en bestuur veral met die fisiese beplanning van die plaas. Die boer kon navorsing doen oor grondstruktuur, grond tekstuur en grondwaterkapasiteit. Die grondtemperatuur is daaglik aangeteken om te besluit watter gewas om te plant.

2.1.1 Gee TWEE redes waarom die produktiwiteit van grond eers geëvalueer moet word. (2)

2.1.2 Dui VYF moontlike produksie-aspekte aan wat deur hierdie grondinligting beïnvloed sal word. (5)

2.1.3 Noem VIER faktore wat grondtemperatuur beïnvloed. (4)

2.2 Plaaswerkers se gesondheid en welstand is baie belangrik as daar 'n hoë vlak van produktiwiteit en sukses in die boerdery bereik wil word.

2.2.1 Noem VYF negatiewe gevolge van swak gesondheid van plaaswerkers op die produktiwiteit en sukses van 'n boerdery. (5)

2.2.2 Bespreek kortliks die doel van die Wet op Werkloosheidsversekering, 2001 (Wet 63 van 2001) (2)

2.3 Die onderstaande scenario verwys na produksieaspekte van 'n grootskaalse gewasboerdery.

'n Boer plant 800 hektaar mielies. Die Globale Posisioneringsstelsel (GPS) dui die presiese plek van plant tot plant aan, so naby as 'n meter waar moontlike tekortkominge is. Dis Geografiese Inligtingstelsel (GIS) toon presies aan waar die grond vogtig is en waar daar faktore voorkom wat gewasgroeï belemmer. Die afstandbeheerde data wys waar nuwe gewasse eerste deurbreek in die grond en waar plante nie opkom nie. Die aflaai van data beheer die toediening van kunsmisstowwe, onkruidodders en plaagdodders outomaties, presies die regte hoeveelheid en dui aan presies waar chemiese stowwe benodig word.

2.3.1 Identifiseer die intensiewe boerdery wat in die bostaande scenario beskryf word. (1)

2.3.1 Lys VIER tegnologiese hulpmiddels, getoon in die bostaande scenario, wat by die plant van gewasse gebruik word. (4)



2.3.2 Bespreek die voordele van die ekonomiese benadering van die bostaande scenario. (4)

2.4 'n Begroting is 'n plan van die toekomstige inkomste en uitgawes van 'n boerderyonderneming. Die volgende is 'n voorlopige boerderybegroting.

<b>WEEKLIKSE BEGROTING VIR GEWASPRODUKSIE</b>			
<b>VERWAGTE UITGAWES</b>			
<b>Item</b>	<b>Hoeveelheid</b>	<b>Waarde</b>	<b>Totale prys</b>
Saad	4.5 kg	R45/kg	<b>(a)</b>
Bemestingstowwe	850 kg	R310/50 kg	R5 270.00
Vervoer van bemestingstowwe	22 sakke	R8.80 / sak	<b>(b)</b>
Plaagdoders	2 000 g	R220/500 g	R880
Werkers se lone per week	6 werkers	R1 145/werker	<b>(c)</b>
Verpakkingsmateriaal	1 900 eenhede	R4.50/eenheid	R8 550.00
Vervoer na markte	13 ritte	R800/rit	<b>(d)</b>
<b>Totale verwagte uitgawes</b>			<b>(e)</b>
<b>VERWAGTE INKOMSTE</b>			
<b>Item</b>	<b>Hoeveelheid</b>	<b>Waarde</b>	<b>Totale prys</b>
Gewasse geoes	13 154 sakke	R5.50/sak	<b>(f)</b>
<b>Totale verwagte inkomste</b>			

2.4.1 Voltooi die begroting hierbo **(a) – (f)** deur die ontbrekende bedrae te bereken. (6)

2.4.2 Bereken die wins of verlies van die boerdery. Motiveer jou antwoord. (4)

2.4.3 Verduidelik kortliks die doel van 'n begroting. (3)

2.5 Soet- en suurveld verskil ten opsigte van voedingswaarde en bestuur.

2.5.1 Verduidelik die verskil tussen soet- en suur veldtipes ten opsigte van voedingswaarde en bestuur. (6)

2.6 Definieer die term '*Arbeidsproduktiwiteit*'. (4)

**[50]**

### VRAAG 3: ENTREPRENEURSKAP, REKORDDHOUDING, BEMARKING, BESIGHEIDSBEPANNING EN GEORGANISEERDE LANDBOU

3.1 Boerderyrekords bepaal die sukses en wins van 'n besigheid:

3.1.1 Noem VIER vereistes vir goeie boerdery rekords. (4)

3.1.2 Verduidelik DRIE stappe wat gevolg moet word wanneer 'n inventaris opgestel word. Gebruik die korrekte volgorde. (3)

3.1.3 Gee VIER data items wat op die brondokument moet voorkom en benodig word vir die plaas se finansiële rekeninge. (4)

3.2 Gebruik die onderstaande inligting om 'n inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2024:

Grondvoorbereiding R35 000, Oes R 19 400, Saad R7 500, Kunsmis R18 550, Onkruidbeheer R23 560, Herstelwerk R23 450, Verpakking R 12 350, Bemarking R7 500, Wortelverkope R49 450, Los arbeid R13 500, Tamatieverkope R55 400, SpinasiEVERKOPe R44 670

3.2.1 Stel 'n inkomstestaat op en gebruik die opskrifte in die tabel. Skryf die inligting in toepaslike kolomme en bereken die totale.

#### INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2024

INKOMSTE	WAARDE (R)	UITGAWES	WAARDE (R)
<b>TOTAAL:</b>		<b>TOTAAL:</b>	

(6)

3.2.2 Bereken die wins of verlies vir die jaar geëindig 28 Februarie 2024. Dui aan of dit 'n wins of verlies was. (3)

3.3 'n Entrepreneur moet 'n deeglike marknavorsing doen voor hy/sy 'n nuwe besigheid kan begin.

3.3.1 Gee SES faktore wat 'n navorsingstudie bepaal voor 'n besigheid begin kan word. (6)

3.3.2 Noem VIER kwaliteite van 'n entrepreneur. (4)

3.4 Onderskei tussen 'n *kontantvloei*staat en 'n *inkomstestaat*. (4)



3.5 'n Veeboer het die volgende inkomste- en uitgawewaardes vir die 2023 finansiële jaar aangeteken. Die verskillende waardes word in die tabel gegee:

MAAND	INKOMSTE	UITGAWES
Januarie	R220 450	R76 490
Februarie	R175 250	R78 000
Maart	R65 000	R34 000
April	R55 500	R55 500
Mei	R48 567	R67 000
Junie	R49 900	R91 200
Julie	R55 790	R110 000
Augustus	R66 670	R104 300
September	R110 400	R88 900
Oktober	R155 500	R75 350
November	R230 460	R87 900
Desember	R280 500	R66 000

- 3.5.1 Dui die maand aan waarin die uitgawewaarde gelyk was aan die inkomstewaarde. (1)
- 3.5.2 Die produksieplan vir 'n veeonderneming sluit verskillende aktiwiteite in wat 'n impak op die inkomste- en uitgawe sal hê. Gee VIER moontlike redes vir die skielike daling in inkomste gedurende Mei. (4)
- 3.5.3 Bereken die wins/verlies vir hierdie onderneming gebaseer op die data hierbo. Bepaal of die boerdery 'n wins gemaak het. Toon **AL** jou berekeninge. (6)
- 3.5.4 Noem VYF rekords wat vir 'n veeboer belangrik is. (5)
- [50]**



## VRAAG 4: OES, PROSESSERING, BESTUUR EN AGRI-TOERISME

- 4.1 'n Subtropiese vrugteboer bemark sy/haar vrugte plaaslik en boer hoofsaaklik met mango's en advokadopere wat baie maklik kneus as dit verkeerd hanteer word. Die boer besluit op die onderstaande verpakking soos hieronder aangetoon:



- 4.1.1 Gee DRIE redes waarom die verpakkingsmateriaal hierbo geskik is vir mango's en avokadopere. (3)
- 4.1.2 Noem VIER nadele van die soort verpakkingsmateriaal in die foto hierbo. (4)
- 4.1.3 Lys TWEE maniere hoe kneusing van vrugte voorkom kan word. (2)
- 4.2 Klimaatverandering het 'n groot invloed op landbou en is die natuurlike siklus van die aarde en sy atmosfeer. Menslike ingryping veroorsaak dat klimaatverandering versnel en die voorkoms van natuurrampe neem daaglik toe. Uitermatige temperature en reënvalveranderlikheid word daaglik aangeteken en aangemeld. Dit het 'n reuse invloed op landbou en op waterbronne wat landbou affekteer.
- 4.2.1 Noem DRIE natuurrampe wat direk verbind kan word met klimaatverandering. (3)
- 4.2.2 Verduidelik hoe 'n toename in versekeringskoste, wat deur natuurlike rampe veroorsaak word, 'n invloed op landbou het. (4)
- 4.2.3 Beveel DRIE moontlike strategieë aan wat deur boere op plase geïmplementeer kan word om natuurlike rampe se invloed te verlaag. (3)



- 4.3 Die meeste boere oorweeg 'n Agritoerisme vertakking op hul plase om inkomste aan te vul. Boere moet baie kreatief raak om 'n plaaservaring aan toeriste te bemark. Daar is heelwat vertakkings in Agritoerisme waarby boere kan baat. Sommige opkomende boere besef ook die inkomstepotensiaal van Agritoerisme.
- 4.3.1 Beskryf die konsep 'Agritoerisme'. (2)
- 4.3.2 Gee VIER voordele wat Agritoerisme aan die opkomende boer kan bied. (4)
- 4.3.3 Noem VIER vereistes van Agritoerisme wat boere ingedagte moet hou voor hulle met die proses kan begin. (4)
- 4.4 Bestudeer die evaluasieverslag van die plaas:

Plaasevaluasie is 'n belangrike konsep vir 'n suksesvolle boerdery. Die eienaar van 'n boerderyonderneming het gebruik gemaak van 'n konsultant van 'n privaat maatskappy om die vordering van sy/haar boerdery te evalueer. Die sukkelende boerdery presteer baie swak. Die maatskappy het die plaasbestuurder ook geëvalueer. Die verslag het die volgende aspekte aangedui:

**VERSLAG:**

- Plaasbestuurder het goeie produkte geproduseer maar was kortaf tydens die onderhoud.
- Die brondokumente met aankope was nie goed georganiseer nie.
- Die boer behandel sy werkers baie sleg.
- Daar was min dissipline in die werksplek.
- Plaasbestuurder was laat vir die onderhoud.
- Kontantvloei was nie beskikbaar nie.
- 'n Daaglikse werksplan was nie beskikbaar nie.
- Die plaas was slordig en min instandhouding van implemente word gedoen.
- Swak kliëntediens. Verbruikers se bestellings was nie betyds afgelewer nie en fakture was ook nie uitgereik nie.

- 4.4.1 Identifiseer VIER faktore wat gelei het tot swak prestasie van die plaas. (4)
- 4.4.2 Dui VIER negatiewe aspekte aan oor die plaasbestuurder, gebaseer op die evaluasieverslag hierbo. (4)
- 4.4.3 Beveel DRIE oplossings aan om die probleme op die plaas op te los. (3)



- 4.5 'n Belangrike kenmerk van koöperatiewe bemarking is die poelstelsel van plaasprodukte. (3)
- 4.5.1 Gee 'n beskrywing van hoe die poelstelsel van 'n koöperasie toegepas word. (3)
- 4.5.2 Noem VIER voordele van koöperatiewe bemarking. (4)
- 4.6 Beskryf die stappe wat in die bestuursbeheerproses gevolg word. (3)

**TOTAAL AFDELING B: [150]**

**GROOTTOTAAL: [200]**